



Van skrywers en (by)klanke op die Net

STEFAN WEHMEYER

Assistentdirekteur: Steundienste

Maande gelede al het ek die blonde redaktrise belowe, sit maar my naam op vir 'n artikel oor musiek op die Net. Die Internet is nie net 'n visuele ervaring nie, dit het tog ook byklanke wat sorg vir meer as wat die oog kan sien. Ek het gedink dit is 'n goeie idee. Gisteroggend kry ek toe weer 'n reminder. Onthou Stefan, jy moet 'n artikel skryf oor musiek op die Internet. Ja Grizéll, het ek opgewonde gesug... wanneer is die deadline? Sy het geantwoord dis al verby, maar met my sal sy 'n uitsondering maak. Ek het geweet daai uitsondering beteken dat ek my dinges vinnig in rat moet kry, want uitsondering beteken nie later as oormôre nie.

En toe sit ek met 'n krisis. Vir iemand wat nog net een CD in sy lewe gekoop het, nogal **The sounds of silence**, was dit 'n moerse probleem. Waaroor sou ek skryf? ...oor genres? Oor wou en midi files? En hoe op aarde sal ek nou weet wie en wat is populêr? Ek was nog besig om 'n vriend in Holland te e-mail vir idees toe ek op die gedagte kom hoekom skryf ek nie oor Afrikaanse skrywers nie? Onse tydskrif het hoeka so 'n oulike *Boekwêreld* rubriek en almal wil tog een of ander tyd iets weet oor ons skrywers.

Dit was nou 'n blink idee, totdat... Ek gaan toe na die letterkunde seksie van *dieknoop.co.za* en maar te gou (ag wat, die high waarop ek was het darem so 12 uur gehou) kom ek agter...baie min Afrikaanse skrywers het hulle eie webwerwe. Eintlik dan ook net die wat geld maak deur ook as vermaaklikheidskunstenaars op te tree. Darem drie interessante webwerwe wat ek kon opspoor. Eerstens die nimlike Koos Kombuis aka Andre le Roux du Toit wat deesdae 'n heel middelklas lewe lei met twee babes, 'n Nissan Sentra en 'n

weedeater en dan die nimmereindige 102-jarige Ouma Ossewania se dogter, Evita Bezuidenhout, aka Pieter-Dirk Uys. Gaan krap maar gerus op die werwe van *kooskombuis.co.za* en *evita.co.za*. Baie interessant! Ek het geweet Casper de Vries kan skryf, maar nie of hy al ooit gepubliseer het nie (ek sien toe op Pêls hy het darem al een boek vertaal). Maar in elk geval, die man skryf dat dit hik op sy webwerf, *casperdevries.com*. Hy is nogal snaaks en soos hy self sê, het sy boude al 'n hele paar duim uitgeswel van al die voor-die-Internet-sittery. Maar dis omtrent al lewendige skrywers wat hulle eie webwerwe het. Daar is ander wat so 'n jaar of drie gelede begin het met hulle eie webwerwe, maar toe seker aan 'n erge graad van skrywersblok begin lei het en nou dryf hulle uitgediende webwerwe rond soos ruimterommel.

Maar alles is nie verlore nie! Dankie tog vir Litnet! *Litnet.co.za*. Die eienaar van Litnet is M-WEB. En wat nogal nice is, is dat Litnet nie meer beperk is tot die gebruik van M-WEB se justlikethat intekenare nie. Litnet is seker dié toonaangewende literêre werf in die land. En regtigwaar, onderafdelings en skakels wat skrik vir niks. (Make it snappy, in the box!) Tot selfs 'n onderafdeling vir hygliteratuur met die naam lênet! Hier is baie skakels, hulle noem dit De Aar, want in die dae van treinry het alle spore na De Aar geloop. Inligting oor enige outeur is hier te vinde. So onthou nou, soek jy enige iets oor 'n ou skrywertjie kliek op Litnet en kliek dan op skakels en kyk dan onder die hofie, *Outeurs & Denkers*.

Ek haal my hoed af vir die breine agter Litnet (haai, sak Sarel, netnou offer die mense jou 'n job!). So 'n omvattende skakellys het ek lanklaas gesien en dit hou nie op met skrywers nie, dit begin by A vir Afrikaans, maak selfs 'n draai by Kunste-feeste en Musieken eindig by W vir Winkels.

Vir diegene wat nie regkom by Litnet nie,

onthou, moenie die soekenjins vergeet nie en sover dit my beskeie sewe jaar se soek-ondervinding betref, is 'n soektog op *google.com* altyd die moeite te werd!

Alhoewel ek toe nou nooit iets oor musiek probeer skryf het nie, weet ek darem so 'n ietsie van klanke af (en ek praat nou nie van die Maandagstinklorrie wat in die jare 60 en 70 my laerskool kom besoek het nie). Die Internet wemel van sites met waw en midleêrs en om die goed te vind (soek maar net by google) en af te laai is kinderspeletjies. 'n Mens kry omtrent van elke deuntjie 'n midleêr. Liedjies in midiformaat klink baie soos daai synthesizer musiek van die sewentigs, maar wat nice is, is dat as jy 'n program soos midinotate (beskikbaar by *notation.com*) ook op jou rekenaar het, jy lirieke en die nootwaardes lewendig voor jou kan sien. Ideaal vir Karaoke sessies (if you are really bored!) of mense wat blad-musiek soek. Om my daaglikse bestaan so 'n bietjie op te vrolik het ek 'n waw lêer op die Internet gevind wat sê 'You have got mail'. Die lêertjie het ek afgelaai en aan my Mail notification gekoppel. So bo en behalwe die visuele baniertjie is daar ook nou 'n stemmetjie wat vir my sê as daar ietsie in my Inbox is. En dan is my gunsteling die waw lêertjie wat ek destyds by *wallys.com* bestel het: 'Good Day Stefan. Hope you have a wonderful day and do not stress too much.' En, wat nogal snaaks was totdat ek my hard drive so 'n bietjie skoongevee het, was dat elke keer as die ding by die woord stress gekom het, dit vasgehakkel het.

Met Kersfees om die draai; hier is nou 'n lekker webtuiste om in die Kersstemming te kom. Die Stille Nag webtuiste *silentnight.web.za* het 155 weergawes van *Stille Nag* in 106 Tale. Lekker luister en lekker lees!